JAARGANG 49 · NO 2 SEPT 2021

Tralie Varia

Genl. Cronjéstraat · Dan Pienaar · Bloemfontein
www.sentraal.co.za · 051 410 1800 · tralievaria.tk

Tralietweeling glansryk gekroon

Mnr. en Mej. Tralie 2021 spog met unieke wenners vanuit een huisgesin



Jan Harm en Lizemé van der Walt tydens die Mnr. en Mej. Tralie-kroningsaand in aksie op die verhoog. FOTO: Verskaf

HELENA MARAIS

Vanjaar se tradisionele Mnr. en Mej. Tralie het op Woensdag, 11 Augustus, plaasgevind.

Die proses het met onderhoude, waaruit 20 finaliste gekies is, begin. Daarna het die uitdagings, wat hulle individueel moes voltooi, begin.

Hierdie jaar se uitdagings het ingesluit: 'n entrepreneurskap- en gemeenskapsprojek, leef 'n idioom uit, maak iets uit 'n koekie seep en maak 'n kind se dag. Die finaliste het ook 'n pretstap gehad waartydens hulle 'n spesifieke beroep moes uitbeeld. "Ek het dit die meeste geniet om te sien hoe al die deelnemers die uitdagings op verskillende maniere aangepak het, en watter verskille hulle in die gemeenskap gemaak het," sê Jan Harm van der Walt.

Na al die projekte en uitdagings wat die Mnr. en Mej. Tralie finaliste met opwinding aangepak het, het hulle uiteindelik die kroningsaand met die tema *Skaak* bereik. Weens covid-regulasies het toeskouers vanjaar die funksie aanlyn ondersteun.

Tydens hierdie aand, gevul met avonture en verskillende uitrustings, is die wenners gekroon: Stéfan Robberts en Nialize Cronjé as 2e-prins en -prinses. Hein Champion en Miandi Steenkamp as 1e-prins en -prinses. Dan die unieke wenners: die Hoërskool Sentraal se geliefde tweeling, Jan Harm en Lizemé van der Walt as Mnr. en Mej. Tralie.

"Dit is 'n eer om as Mej. Tralie gekies te word, maar om saam met jou tweelingboetie gekies te word, is 'n onwerklike droom wat waar geword het. Ek en Jan Harm gaan die geleentheid ten volle benut," vertel die nuut gekroonde Mej. Tralie.

DOEN & LATE BL 2 JOERNAAL BL 7 SPORT BL 11

Matrieks, die saamrydae is vir altyd verby

Nuwe padgebruikers geniet hulle onafhanklikheid en laat die wiele rol

PETRO-MARI VAN PLETZEN

'n *Porsche* , *Cruiser* of selfs 'n *Fortuner* - 'n vinnige gedagte, maar tog 'n groot droom vir elke leerder.

Hierdie jaar, ten spyte van 'n wêreldwye pandemie en vele uitdagings, het daardie droom tog waar geword vir menige Tralie-matrikulante. Van 'n *Honda Civic* tot 'n *Volkswagen T Cross* en ja…selfs 'n *Audi A1* – waarvoor meer kan 'n mens vra?

Dié matrikulante kan nou self by die skool, ekstra klasse en selfs sosiale geleenthede kom. Die dae van gejaagde oggende en rygeleenthede soek, is verby.



Twee matrieks in hulle noppies met hulle eie wiele.

FOTO: Michela Steenkamp

Alhoewel nie almal hul eie voertuie het nie, is daar al baie matrieks wat hulle lisensies, met behulp van baie rylesse en menige probeerslae, gekry het.

Na aanleiding van 'n opname wat gedoen is, is daar bevind dat stadsleerders dié ervaring moeiliker gevind het as die plaasjapies wat reeds van 'n 6-jarige ouderdom al op pappa se skoot sit en bestuur.

> *Die dae toe ons saamgery het, is verby - nou ry óns.*

Die verwagte *Apple Watch* as 'n geskenk – wat in 'n kar ontaard het – is egter 'n reuse verantwoordelikheid. Die matrikulante sê dat hulle saamstem met die slagspreuk - *Speed can kill*, en gevolglik is hulle dus goeie padgebruikers.

Die matriekklas van 2021 erken dat hulle baie bevoorreg is. "Die dae toe ons saamgery het, is verby – nou ry óns," sê Henrico Struwig.

Brokkies OOR BESIGE BYE

Mnr. William Wolf woeker met woorde

PETRO-MARI VAN PLETZEN

Die Hoërskool Sentraal is 'n skool waar meer as net die leerders presteer – dít het mnr. William Loots aan almal bewys.

Tralieland spog graag met dié nuwe musieklegende – William Wolf – wat vanjaar sy eie musiekalbum *Liefde gemaak* bekendgestel het.

Mnr. Loots vertel dat alhoewel hy nie in 'n musikale huis grootgeword het nie, het sy passie vir musiek reeds op 'n vroeë ouderdom begin.

Hy het vir die eerste keer op die ouderdom van sestien, sy ma se weggesteekte kitaar se snare begin tokkel, en het sedertdien nog nooit opgehou nie. Hy verduidelik dat musiek vir hom uniek is, aangesien dit 'n taal is wat alle mense verstaan.

Volgens mnr. Loots, plaas die pandemie tans die musiekbedryf onder geweldige druk. "Dit keer my egter nie om hard te werk en groot te droom nie," sê hy.

PROFIEL: Nuwe kaptein van die Tralieskip

MARYKE DU PISANIE

Hoërskool Sentraal se nuwe skoolhoof, mnr. Charles Liversage, het op 10 Augustus vir diens aangemeld. Hier is 'n bietjie meer inligting oor mnr. Liversage:

Wat is mnr. se vyfjaarplan vir Sentraal?
Om Sentraal 'n hoëprofiel instelling te maak wat kop bo skouers uitstaan in alle fasette van 'n skool.

Wat dink mnr. is die sleutel tot sukses?
Harde werk, spanwerk en 'n gemeenskaplike doel.

Waarsonder sal mnr. nie kan klaarkom nie?
Mense.

Wat is die grootste probleem in Suid-Afrika se onderwysstelsel?
Dispariteit tussen skole in verskillende sosio-ekonomiese gebiede vergroot daagliks.

Is daar iets snaaks of vreemds wat sovêr gebeur het?
Jangco Pretorius se gesig toe ek reguit op hom afstap en hom vra of hy die hoenders in die klas losgelaat het, en hy dit moes erken.

Hoe ervaar mnr. die Traliegemeenskap?
Ongelooflik! Hier is wonderlike mense. Ek is stil opgewonde.



Mnr. Charles Liversage nou 'n trotse Tralie.

FOTO: Christine Human

Verkies mnr. die somer of die winter?
Ek verkies die somer.

Hou mnr. die meeste van 'n braai of eerder wegneemetes?
Braai.

Verkies mnr. 'n vakansie by die huis of 'n vakansie by die see?
Ek bly eerder by die huis.

Hou mnr. die meeste van wilde diere of troeteldiere?
Wilde diere

Het mnr. enige stokperdjies?
Ek het baie stokperdjies o.a. gholf en poker.

Wat is mnr. se gunsteling storie/reeks of boek?
Ek is mal oor die skrywer, Deon Meyer, se boeke.

Wat laat mnr. se bloedruk styg?
Mense wat nie in 'n sirkel kan bestuur nie.

Tralies presteer tydens ATKV-Tienertoneel

Jong opkomende talent op die verhoog beïndruk die beoordelaars

CHRISTINE NEL

Sedert Februarie het Sentraalleerders die bul by die horings gepak deur dag en nag vir die ATKV- Tienertoneelkompetisie te oefen. Op die 11e- en 12e Augustus het die Tralies in twee stukke opgetree: *Dalk Amper* en *Volg die Lig*.

> *Dit was 'n voorreg om met al die leerders 'n pad te kon stap…*

Me. Stella Nortier het die stel vir *Dalk Amper* ontwerp, was die skrywer, en het die regie van die toneelstuk behartig. *Dalk Amper* het 'n brons vir produksie, teks, regie, stelontwerp en inkleding verwerf. Anke Meyer-Auld (gr.12) en Joha van Rooyen (gr.11) het albei brons vir hul toneelspel verwerf.

Sentraal se dramahoof, me. Anli Verster, vertel: "Dit was 'n voorreg om met al die leerders 'n pad te kon stap en ek kon nie vir beter samewerking gevra het nie."



Dianco Bester (gr.8) en Simoné de Wet (gr.12) op die stel van 'Volg die lig'.
FOTO: Verskaf

Me. Christi-Ann Lombard het die stel vir *Volg die lig* ontwerp.

Besoek tralievaria.tk om die volledige berig te lees.

HULDEBLYK: Janco, vir altyd in ons harte

MARIUS VAN DER MERWE

Daar was net een Janco Moolman. Hy was 'n ware vriend vir sy naaste en 'n voorbeeld van 'n trotse Tralie.

Die Traliegemeenskap is gedurende die Julievakansie deur die skielike afsterwe van Moolman (gr.10) geruk.

Jacobus Nicolaas Moolman (Janco), is op 10 Julie 2021, 'n paar kilometer van sy tuisdorp, Schweizer-Reneke, in 'n motorongeluk oorlede.

Moolman het sy laerskoolloopbaan aan die Laerskool Schweizer-Reneke voltooi. Hy was hoofseun van sy laerskool, en het in krieket, tennis en atletiek presteer.



Janco Moolman in 'n ligte luim.
FOTO: Verskaf

In 2019 het hy in die voetspore van sy sussie, Maroné Moolman, (hoofdogter 2020) sy hoërskoolloopbaan aan die Hoërskool Sentraal begin. Hy was ook 'n betrokke inwoner van Eie Haard koshuis. Hy was 'n kranige krieketspeler en het ook op die tennisbaan en atletiekveld sy merk gelaat.

Janco, of Moolman soos baie van ons hom geken het, se leemte in Eie Haard is ook vir die inwoners voelbaar. Moolman was 'n lojale vriend wat altyd vir jou sou opkom en uitkyk. Hy het gedurig sy *boom box* byderhand gehad om musiek te maak as die atmosfeer om hom te droewig geword het. Indien daar gesokkie is, was hy daar om sy danspassies met die meisies uit te voer.

Maar bo dit alles, getuig almal wat hom persoonlik geken het, dat hulle nooit sy unieke glimlag en lag sal vergeet nie.

Janco word oorleef deur sy ouers, Jacques en Maranda, sy sussie Maroné, sy ouma en twee oupas. Die Sentraalgemeenskap dink in die besonder aan sy familie.

Brokkies OOR BESIGE BYE

Willie maak naam as tienerentrepreneur

ELMÉ CALITZ

Willie Pretorius, 'n gr.12-leerder aan die Hoërskool Sentraal, is vanjaar - as CUT se Matrikulant Entrepreneur 3e-plek wenner - gekroon.

Pretorius het 'n gespesialiseerde kamera-eenheid gepatenteer. Dié kamera werk koordloos, en beskik oor onsigbare sonpanele – dit skakel die behoefte aan'n eksterne kragbron heeltemal uit.

Die kamera is skokbestand, en 'n spesiale lens is ingesluit wat dag- en nagbeweging waarneem. Pretorius verduidelik tydens sy toespraak hoe die kamera uit 'n digte materiaal gemaak is wat dit byna onvernietigbaar laat.

Dan vertel hy van die sagteware: "Ek het 'n gevorderde neutrale netwerk geskep om persone 50m ver te kan waarneem, waarna dit 'n alarm laat lui. Die kamera beskik verder ook oor 'n SIM-kaart wat dit aan enige seltoring kan koppel."

Rooikappie met 'n effense kinkel in die kabel

Klassieke sprokies het oud en jonk behoorlik in hulle stoele laat skaterlag

LEILA THERON

Die klassieke verhale van *Rooikappie en Die Drie Varkies* is met 'n kinkel in die kabel herskryf, om 'n produksie te vorm. Dít alles die werk van Xander Steyn. Dit is van die 9e- tot die 12e-Junie by *The Rabbit Studio* op die planke gebring. Daar is ook 'n spesiale vertoning vir hoërskoolleerders gehou.

> *Ek het al baie soos 'n nar 'ge-act', maar dis gewoonlik voor my dogtertjies by die huis...*

Mnr. William Loots, speel die rol van een van die twee wolwe in die produksie. Hulle is mekaar se nemesis. Gedurende die loop van die produksie is hulle besig om die varkies te probeer vang.

Hy sê: "Dit is die eerste keer wat ek in so 'n produksie optree. Ek het al baie soos 'n nar ge-*act*, maar dis gewoonlik voor my dogtertjies by die huis wanneer ek met hulle speel."

In die produksie is daar nuwe karakters en ou karakters met nuwe karaktereienskappe. Rooikappie het drie susters: *Yellow, Purple* en *Blue*, elk met ander karaktereienskappe. Die drie varkies het ook uiteenlopende karaktereienskappe. Die een is baie slim, die ander een is baie stadig, en die derde een is 'n bedorwe brokkie.

Simon Laubscher (gr. 9), een van die varkies, sê: "Die verloop van die gebeure was geensins voorspelbaar nie. Die intrige het anders verloop as die oorspronklike storie, en die feit dat niemand weet wat aangaan nie, maak die gehoor nuuskierig."

Die teikengroep van die produksie is vir oud en jonk. Almal kon met 'n karakter vereenselwig. Selfs die pa's het dit geniet.



Mnr. Loots vertolk sy rol as een van die wolwe in Rooikappie.

FOTO: Verskaf

PROFIEL: Ceronio beïndruk beoordelaars

CHRISTINE NEL

Sentraal matriekleerling, Danielle Ceronio, wen die *St. Michael's Music, Drama and Visual Arts Festival.*

Hoe lank het die kompetisie geduur?

Die kompetisie het 5 dae lank geduur en dit het uit 4 kwalifiserende rondtes bestaan. Tydens die 4 rondtes speel jy stukke.

Was jy verras met wat jy in die St Michael's-kompetisie bereik het?

Daar was baie goeie musikante in die kompetisie. Eerlikwaar dink ek almal het 'n toekenning soos myne verdien. Ek het hard gewerk om so baie instrumente te kon bemeester, daarom sal ek nie sê dat ek verras was nie, maar eerder net ongelooflik bly.

Hoe lank beoefen jy al jou musiek?

Ek het begin blokfluit speel toe ek 4 jaar oud was, so dis al baie lank deel van my lewe. Ek is baie dankbaar teenoor my ouers wat my blootgestel het aan musiek en my deur die jare ondersteun het om verskeie musiekinstrumente te koop wat ek kon bespeel.



Danielle Ceronio maak musiek.

FOTO: Jana Landman

Watter instrument bespeel jy die graagste?

My gunsteling instrument is die alt saksofoon.

Wat is vir jou die hoogtepunt tot dusver in jou musiekloopbaan?

Drie jaar terug is ek as 'n eerste klarinet van die Nasionale Jeugblaas orkes gekies. Dis amper soos om in die Springbok rugbyspan te speel. 'n Ander hoogtepunt is toe ek saam met die blaasorkes van Duitsland in die Odeion teater kon saksofoon speel.

Sien jy musiek as deel van jou toekoms?

Ek gaan nie musiek studeer nie, maar sal altyd graag in 'n orkes of *band* wil speel.

Brokkies OOR BESIGE BYE

116 kersies op die koek vir Sentraal

LEILA THERON & NIALIZE CRONJÉ

Op 26 Augustus het die Hoërskool Sentraal sy 116e-bestaansjaar gevier. Die verjaardagviering het met die kranslegging by Oom Lokomotief, die stigter van die skool, se borsbeeld, en die sny van die verjaardagkoek deur die hoofleiers, in aanvang geneem.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd is 'n spesiale saalperiode gehou. Die Voortrekkers het die spesiale byeenkoms met 'n vlagparade begin. Daarna is die volkslied gesing, terwyl die fakkel aangesteek is.

Mnr. Geo Jooste het 'n insiggewende oorsig van die skool se ryke geskiedenis met die leerders gedeel. "Sentraal word steeds vandag as een van die vooruitstrewende skole in die Vrystaat gereken. 'n Tradisieryke skool met meer as 'n eeu se geskiedenis," voeg mnr. Jooste by.

Die leerders is ook pouse met oliebolle en koeldranke bederf.

Matrieks se laaste dae syfer deur die uurglas

Die graad 12-koshuis- en stadsleerders pak mekaar vir oulaas op die sportveld

LAMBRECHT & MARIUS

Die matrieks het volgens die tradisie weer hulle *40 days* gevier. Hierdie jaar het hulle nie die kans gehad om dit, soos vorige jare, 40 dae voordat hulle eindeksamen begin, te vier nie. Hulle het dus hulle eie geleentheid geskep en *40 days* gevier. Hoewel dit effens anders was, het hulle definitief ordentlik gebruik gemaak van hul geleentheid, deur baie poetse te bak bv. om baie klasdeure se handvatsels met *Vaseline* en *Marmite* te smeer.

Donderdag, 26 Augustus het gesorg vir 'n genotvolle koshuis teen stad sportdag.

Die koshuis en stad het met oorgawe netbal, rugby en hokkie gespeel. Die koshuis het wel, tydens die rugby- en netbalwedstryde, met die louere weggestap. Die stad was suksesvol om die hokkietrofee in te palm.

"Die matrieks het dit baie geniet om vir oulaas op hulle skoolgronde weer aan hulle gunsteling sportsoorte te kon deelneem. Dit was baie spesiaal om tog vir 'n laaste keer teen al jou beste vriende te kon kompeteer," vertel die koshuishoofseun, Innus de Coning.

> *Dit was baie spesiaal om tog vir 'n laaste keer teen al jou beste vriende te kon kompeteer.*

Die gr. 12's begin op 30 Oktober met hul eindeksamen.

Sentraal het groot verwagtinge vir die matriekklas van 2021. Hulle teenwoordigheid in die skool sal volgende jaar beslis gemis word.



Matriek-Tralies geniet hulle laaste sportbyeenkoms terdeë. *FOTO: Verskaf*

Brokkies OOR BESIGE BYE

Nuwe leerderraad neem die leisels oor

LEILA THERON & HELENA MARAIS

Op 23 Augustus 2021 is die leerderraad vir 2022 aangekondig. Vir die eerste keer in 'n lang tyd kon die hele skool die seremonie in die saal bywoon.

Dit is die eerste jaar wat die verkiesing aanlyn plaasgevind het. Elke leerder wat hom of haar vir die verkiesing beskikbaar gestel het, moes ook 'n leerderprofiel voltooi. Hierdie jaar het slegs die graad 11's, die huidige leerderraad en onderwysers gestem. In die verlede het die graad 10's ook gewoonlik gestem.

Op Lentedag het die nuutverkose leerderraad, in samewerking met die ATKV-jeugtak, die bejaardes by die Siesta aftree-oord gaan besoek. Die ou mensies was baie dankbaar vir hulle geskenkpakkies. "Ek sien daarna uit om nog projekte saam met dié leerders aan te pak," sê me. Anesta Smal (leerderraadvoog)

Onderwyseres groet skool na 43 jaar

NIALIZE CRONJÉ & CELIA SNELLENBURG

Die geliefde Afrikaans onderwyseres, me. Nellie de Beer, tree die einde van 2021 af.

Hoeveel jaar hou juf. al skool, en hoeveel van daardie jare was by die Hoërskool Sentraal?

Ek hou al 43 jaar lank skool en ek is nog al die jare by die Hoërskool Sentraal. Ek het begin skoolhou toe die Hoërskool Sentraal nog op die ou skoolterrein was, aan die onderkant van Naval Hill.

Wat het juf. by Sentraal geleer terwyl juf. hier gewerk het?

Deur die loop van die jare het Sentraal my baie lewenslesse geleer, maar die hoofles wat ek by Sentraal geleer het, is dat jy altyd moet onthou: al gaan dit hóé moeilik of sleg, dinge weer makliker en beter sal word. Jy moet nooit moedeloos raak nie en vertrou altyd op die Here.

Wat doen juf. graag in juf se vrye tyd?

Ek is baie lief daarvoor om te lees en woordraaisels in te vul. Ek is ook mal daaroor om die woordeboek te lees en terselfdertyd sluit dit ook by my werk aan. Wanneer ek met vakansie gaan, neem ek graag die HAT en AWS saam om te lees.

As juf. een item moes noem wat juf. glad nie kan weggooi nie, al hou juf. niks daarvan nie, wat sou dit wees?


Dit sal dagboeke uit my universiteitsdae moet wees. Wanneer ek daardeur lees laat dit my terugdink aan al die miljoene herinneringe wat ek daar gemaak het.

Wat is juf. se guilty pleasure? (kos)

Daar is eintlik 'n verskeidenheid kossoorte, maar as ek nou iets moet uitsonder sal dit melkkos en Turkish-delight wees.

Wat was vir juf die lekkerste deel van skoolhou?

Beslis die kinders en my kollegas. Ek gaan dié interaksie baie mis.



Me. Nellie de Beer in haar Afrikaans klas. *FOTO: Mia Coetzee*

Rubriek

Die wasmasjien eet my kouse

ELMÉ CALITZ

Dis 'n bedompige Saterdag. My wasgoed ruik na *lavender Staysoft* waar dit uitgestrek aan die drade in die son hang.

Die son piets twee keer en dis reg om opgevou te word. Oor die kort, skewe skeidingsmuur sien ek die buurman op die stoep. Vir Oom Frik is dit ook wasdag. Sy kaalkop blink.
"Haai, oom Frik!" roep ek vriendelik.

Hy swaai met sy boepenslyf na waar ek waai. Dan frons hy en skarrel grom-grom by die agterdeur in. Maar dis oukei, ek verwag nie hy moet groet nie.

Ek hang die wit bloesies, dan gooi ek die bontes in die wasmasjien. Buks, my boerboel, kom by die skuifdeur uitgehardloop. Is dit my bloemer in sy bek? Nee, wragtig! Ek moet die simpel hond met die koerantpapier jaag voor hy laat los. Ek haal diep asem.'n Grommige buurman en 'n simpel hond sal nie my dag bederf nie...

Toe ek later terugkom, val vet druppels op my droë wasgoed. Langsaam prop ek dit in die wasmasjien. Dis toe Santie bel. Ek probeer sê ek kan nie praat nie, maar dié hou aan praat oor haar kêrel se dwalende oog.

Ek smyt die foon neer. Santie se probleempie kan wag. Ek sit met 'n groter dilemma. Ek gee die wasmasjien 'n skop en klim halflyf binne-in. Dis dan die derde paar!

My Traliekouse is weer weg...

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Is die mens gemaak vir wortels of bene? Soms wonder ek – is die mens dan soos 'n boom? Moet ek met bene loop en beweeg en aangaan in die lewe? Of moet ek op een plek wortel skiet en groei?
Beweeg of groei?

Dan kyk ek na my lewe; nog 'n seisoen is verby. Hoe dan nou gemaak? Kap nog 'n boom – 'n nuwe hoofstuk wil begin; lê en wag vir die papirus en die pen.

Hoe anker ek my in 'n konstante, veranderende wêreld waar wat mode is die norm word? Hoe anker ek my in 'n harde wêreld, 'n onregverdige wêreld, 'n wêreld wat nie sy *mind* kan opmaak nie? Is ons nou in 'n groot depressie of is dit nou die beste tyd van my lewe?

Ek wil bieg. Ek weet nie, ek is onseker...



Elmé Calitz

In Psalms word die mens wat op God vertrou met 'n boom langs strome water vergelyk. Kan ek nog 'n boom wees? O, ek wil 'n boom wees – 'n boom wat vrug dra in 'n lelike winter en bloeisels in herfs – 'n moerasboom in die Sahara! Dan sal die Here my in nuwe grond plant, waarin ek my weer sal anker. Is dit die lente bloeisels? Waar kom die soet-soet reuk vandaan? Is dit die wonderlike geur wat hoop na vore bring?
Vir dié boom is dit nog lank nie die einde nie. My wortels is geanker langs lewende water.

Die winter moet eindig sodat lente kan begin. As 'n mens so daarna kyk, is elke einde net 'n nuwe begin. Selfs die mees besliste einde - die dood- beskou ek ook nou as 'n nuwe begin.



Aan die Redakteur ...

Die skoolhoof maak my bang. Mag ek liefs nie in sy kantoor beland nie. Ek vat eerder aan nat kougom wat onder 'n stowwerige skoolbank versteen as om my naam in sy swartboekie te gewaar.

Net dwase skryf op mure en glase – of is ek verkeerd, matrieks? Dit is jammer om te dink dat jy 'n volle 18 jaar oud is en nog steeds nie die fyn lyn tussen reg en verkeerd kan raaksien nie. Moet jou nie bekommer nie - ons neem niemand kwalik nie. Dit is glad nie algemene kennis dat spuitverf op geboue tel as vandalisme nie...

Nog 'n stukkie toiletpapier op die grond sal nie skade doen nie, of hoe meisies? Ek verpes die meisies wat die badkamers gebuik asof dit hulle huis is. Morsjors, asseblief tel net op jou papiere. Dit is mos goeie maniere of hoe? En dan praat ons nie eers van die interessante nuwe oorbelstyle nie! Die reëls het mos nie verander nie. Sover dit my kennis strek, is 3 oorbelgaatjies, elk met 'n ander oorbel, steeds verbode.

Seuns, stel asseblief 'n goeie voorbeeld. Jou skoolbroek kan nie soos 'n *skinny jean* aan jou sit nie!

En dan... aan die sogenoemde "hartjie van die skool" – Huis Eie Haard. Wil die koshuis nie asseblief hulle sekuriteit opskerp nie, sedert ons lessenaars tombolatafels geword het vir diewe wat die duiwelsvurk soos 'n klimraam gebruik. Om nie eers te praat van die manlike kuiergas wat desperaat aan die meisieskant ingebreek het om sy Juliet te gaan besoek nie. .. -
Uitgesproke Tralie


REDAKSIE 2021

REDAKTEUR: Elmé Calitz
SUBREDAKTEUR: Maryke du Pisanie
NUUS (D&L): BLADREDAKTEUR
Petro-Mari van Pletzen
KULTUUR (D&L): BLADREDAKTEUR
Maryke du Pisanie
JOERNAAL: BLADREDAKTEUR
Elmé Calitz
SOSIAAL (D&L): BLADREDAKTEUR
Petro-Mari van Pletzen
SPORT: BLADREDAKTEUR
Marius van der Merwe
FOTOGRAAF (HOOF): Jana Landman
JOERNALISTE:
(Gr. 10) Helena Marais, Lambrecht Scheepers (Gr. 11) Leila Theron, Celia Snellenburg, Nialize Cronjé (Gr. 12) Christine Nel
FOTOGRAWE:
(Gr. 11) Mia Coetzee (Gr. 12) Michela Steenkamp, Christine Human

Het matriekleerders met eie wiele gearriveer?

Onlangse ondersoek toon dat 40% van Sentraal se matriekleerders self bestuur

ELMÉ CALITZ



'n Steekproef is onlangs onder die matrikulante aan die Hoërskool Sentraal gedoen om vas te stel wat hul ingesteldheid teenoor motors en lisensies is. Volgens wet, word persone van sewentien-jarige ouderdom toegelaat om hul leerlinglisensie te bekom. 'n Volwaardige lisensie kan van agtien gekry word.

Volgens die opname, het 88% van die matriekleerders reeds hul leerlinglisensies bekom, terwyl 12% van die matrikulante nog nie hul leerlinglisensies afgehandel het nie.

Leerders is ook gevra of hulle hul eie motors besit. 60% matriekleerders besit nog nie hul eie motors nie. 40% van diegene wat aan die steekproef deelgeneem het, besit reeds hul eie stel wiele. Van al die leerders wat reeds hul lisensies geky het, het geeneen in Bloemfontein uitgeklaar nie.

Die vraag: "Laat jou ouers jou toe om alleen te bestuur?" ontlok 'n verdeelde reaksie. 50% van die leerders word vertrou om onafhanklik op die pad te bestuur.

Laastens is die matrikulante gevra of hulle al voorheen in motorongelukke betrokke was. 29% van die leerders was al in motorongelukke betrokke, terwyl 71% van die leerders steeds padveilig is.

'n Anonieme leerder meen: "Ek dink nie 'n matriekleerder het genoeg verstand om alleen te bestuur nie. Ons doen snaakse dinge om mense te beïndruk. Ons moet eintlik eers toegelaat word wanneer ons vir ons eie motors kan betaal. 'n Mens ry veiliger as jy self betaal. Ek geniet my vryheid, maar hierdie gedagte kom soms by my op." Dit blyk dus dat daar tóg Tralies is wat besef dat die veilige bestuur van 'n motor 'n groot verantwoordelikheid is.


RESENSIE: Mense gons oor die nuwe film

PETRO-MARI VAN PLETZEN

Fast Saga – internasionaal bekend as *Fast and Furious 9* – is 'n Amerikaanse aksiefilm geskryf deur Justin Lin. Dit is die opvolgfilm van *The Fate of the Furious* en die tiende film in die *Fast and Furious* franchise-reeks.

Verskeie akteurs, insluitend Vin Diesel, Michelle Rodrigues, John Cena en Charlize Theron, het hande gevat en 'n film geskiet wat sommiges se asem weggeslaan het en ander … teleurgestel het.

In dié film, leef Dom Toretto 'n rustige lewe saam met Letty en sy seun, Brian, maar hulle weet dat gevaar altyd net anderkant die rustige horison skuil. Hierdie keer word Dom genoodsaak om die sondes van sy verlede te konfronteer om diegene wat hy die liefste het, te red. Sy bemanning kom gou bymekaar om 'n wêreldverwoestende komplot te stop wat gelei word deur die vaardigste sluipmoordenaar en motorbestuurder wat hulle al ooit teëgekom het - Dom se vervreemde broer - Jakob.



Kliek hier om die voorskou op YouTube te kyk.

The Fast Saga se storielyn is maar yl. Dis die honderde motors en vragmotors wat verwoes word, wat tel. Dit lok egter massas mense, veral in 4D-teaters, waar die stoele saam met die aksie beweeg en mense hulle kan inleef in die film.

Dié aksie film, gerediger deur Justin Lin, het 'n ouderdomsbeperking van 13 en ouer toesig word aanbeveel. Die film is beperk ten opsigte van kru taal, geweld en volwasse temas. Die tydsduur is 143 minute en verdien 'n skrale 6/10.

Is dit waarna jy soek om van 'n wêreldwye pandemie en inperkings te vergeet? Dan is dié net die medisyne vir jou!

Ry Suid-Afrikaners net vinnig of *furious*?

MARYKE DU PISANIE

Uit Suid-Afrika se 1390 motorongeluk-sterftes per jaar, blyk dit duidelik dat Suid-Afrikaners roekeloos ry. Bestuur hul wel vreesaanjaend of is daar ander faktore wat 'n rol speel?

Navorsing het bewys dat die meeste motorongelukke in Suid-Afrika a.g.v. dronkbestuur of bestuurders wat te vinnig ry, veroorsaak word.

'n Skokkende 40% van die sterftes van ongelukke is voetgangers. Dit wil sê dat roekelose bestuur nie net die lewens van dié binne die motor in gevaar stel nie, maar ook dié langs die pad.

Volgens 'n studie deur *Goodyear* sê 90% van alle Suid-Afrikaners dat hul genoeg selfvertroue het om alleen te bestuur, nadat hul hul lisensie bekom het. 37% van dié bestuurders sê dat hul nie hul lisensie weer sal kry indien hul nou die toets sal moet herhaal nie. Dié studie sê ook dat 83% van alle Suid-Afrikaners versnel om oor 'n geellig te ry in vergelyking met 73% bestuurders in ander lande.

Alle Suid-Afrikaners moet probeer om roekelose bestuur te bekamp. Saam sal ons 'n veiliger pad tot gevolg hê.























































WhatsApp jou onderskrif na 072 602 0179 en WEN 'N VOUCHER by die snoepie!

VOLG ONS AANLYN!

Hou jy waarvan jy sien? Die Tralia Varia se *Instagram* blad is vanjaar weer volstoom aan die gang... Die kernredaksie vermaak graag die Tralie Varia se lesers met addisionele pret wat nié in die koerant self beskikbaar is nie.

Vanjaar se kernredaksielede is n.a.v. 'n moordstorie aangekondig waar lesers die voorreg gehad het om eerste op die moordtoneel te wees. (Die res van die koerant se lesers is eers later ingelig). Die *Instagram* blad word ook gebruik om lesers in te lig oor kraakvars berigte wat op ons aanlyn koerant gepubliseer word.

Wees eerste en volg ons aanlyn... (*@tralievaria*)

Kliek vir die skakel

KOMPETISIE-WENNER!!

Franco Smit (2019 redakteur) het die kompetisie van die Tralia Varia se eerste uitgawe vir 2021 platgetrap en ontvang sy *bluetooth Sound Pop speaker*. Aangesien hy die gesegdes van die Tralie-onderwysers op sy vingers kon opsê, het die redaksiespan dit goedgedink om die voormalige redakteur onder kruisverhoor te neem. Ons wou weet: verlang ons voorvader nog terug na sy skooldae?



"Ek dink almal verlang terug na die gevoel van sekerheid en die roetine wat met skoolgaan gepaardgaan. Daarmee bygesê, bring universiteit ook sy voordele, o.a. vryheid om te doen wat jy wil. As jy regtig nie krag het om op te staan vir klas op 'n koue wintersoggend nie, gaan niemand op jou skree as jy verder slaap nie (behalwe jyself wanneer die toets of eksamen later opduik)."

Jou beste herinnering op die skoolbanke? "Definitief juffrou Barbara se Afrikaans periodes. Haar kennis oor Afrikaans het ons soms verstom."

Tot die redaksiespan se teleurstelling, noem Franco dat hy nie van plan is om gou weer die pen op te tel nie.

Hoe om jou wiele op die pad te hou

PETRO-MARI VAN PLETZEN

Ken jy die basiese beginsels? Weet jy wat jy moet weet om jou wiele aan die rol te hou? 'n Paar *tips* en *tricks* vir verantwoordelike padgebruikers:

Vir jou leerlinglisensie:

1. Laai die K53-toep af
2. Werk vraestelle uit voordat jy skryf
3. Neem genoeg geld saam op die dag wanneer jy die toets aflê
4. Doen vooraf 'n oogtoets vir ingeval jy jou oogtoets op die dag druip

Vir jou lisensie:

1. Kry alle dokumentasie gereed
2. Wees vriendelik
3. Kry hulp by 'n bestuurskool
4. Doen al jou observasies

Om jou motor te onderhou:

1. Toets gereeld die olie, water en bande wanneer jy brandstof ingooi
2. Hou altyd 'n *toolkit* in jou kattebak

Tralie-dok gee Advies

Moet ek verander vir my vriende?

My vriende hou nie van my nie, omdat ek 'n unieke sterk persoonlikheid het. Moet ek verander om hulle te beïndruk of hoe maak ek nuwe maats? – Anoniem

Kommunikasie tussen vriende is baie belangrik. In 'n vriendekring met opregte vriende, behoort jy hieroor te kan praat, sonder om vriende te verloor. Ons almal toon met tye sekere gedragspatrone wat ander mense pla.

Dit is altyd belangrik om eers introspeksie te hou oor 'n mens se eie gedrag en om 'n sekere gedrag te verander wat 'n probleem is.

Jy hoef nooit jou eie waardes prys te gee of te verander nie. Probeer dit eers in jou huidige vriendekring uitsorteer, voor jy nuwe maats maak.

Indien jy nog vra het, handig dit gerus anoniem by kamer 62 in. Geen probleem is te klein of te groot nie.

> **Sluit aan by Vuma Fibre Core**
en verander die manier waarop
u met die wêreld verbind.

VUMA
vumatel.co.za

Werno se liefde vir perde word geopenbaar

Gr.11-leerder presteer puik tydens die Nasionale Opelug Saalperdkampioenskap

NIALIZE CRONJE

Werno Roodt, 'n gr.11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het tydens die wêreld se grootste nasionale opelug skou, puik presteer.

Die SA Nasionale Opelug Saalperdkampioenskap het vanjaar hier in Bloemfontein, op eie bodem, plaasgevind.

> *Oefen, oefen en oefen is wat ek doen om voor te berei ...*

Wat is jou perde se name?

Ek het twee perde naamlik *Mr McBeal* en *PJ's Spring Power*.

Op watter ouderdom het jy begin skou?

Ek het op 12-jarige ouderdom begin skou.

Wat behels die voorbereiding vir so 'n kampioenskap?

Oefen, oefen en oefen is wat ek doen om voor te berei. Ek gaan oefen elke tweede dag vir ten minste 'n uur met my perd. Op die dag van die kampioenskap moet ek iets lekkers doen om die senuwees te tem.



Werno Roodt tydens die SA Nasionale Opelug Saalperdkampioenskap in aksie.
FOTO: Verskaf

Watter prestasies het jy by die Saalperdkampioenskap behaal?

Ek het met my perd, *Mr McBeal*, 'n 3e-plek in die o.18 Siertuig-klas, waar tien deelnemers gekompeteer het, behaal. Ek het met my ander perd, *PJ's Spring Power*, 'n 5e-plek in die kinderafdeling vir 3-Gang Parkperd, sowel as 'n 8e- plek in die Kampioen kinderafdeling vir 3-Gang Parkperd, verower.

Wat doen jy in jou vrye tyd?

Ek gaan stap soms staproetes. Ek geniet dit ook om 4x4-roetes aan te durf.

Sentraal se skuts mik keer op keer sekuur

LAMBRECHT SCHEEPERS

Gedurende die naweke van 13- en 20 Augustus het die Hoërskool Sentraal die Vrystaat semifinaal en finaal van die luggeweerkampioenskap aangebied.

Talle skuts van oor die Vrystaat het aan die semifinaal deelgeneem en die Tralieskuts het skitterende prestasies gelewer.

In die o.21-afdeling verower Reuben Duvenhage die 3e-plek, Wentzel Ketterer die 2e-plek en Annie Strauss die 1e-plek.

Anine Schlebusch oorheers die o.16-afdeling en Gerno Lombaard beklee 'n 3e-plek. Christine van Zyl skiet ook 'n 3e-plek in die o.14-afdeling los.

Tydens die finaal maak die drie gr.12-skuts skoonskip en beklee die top 3-plekke in die o.21-afdeling. Strauss stap met brons weg terwyl Duvenhage die silwer inpalm. Ketterer bring goud huis toe. Sentraal se skuts is gevolglik die top o.21-skuts in die Vrystaat.



Tralieskuts mik vir 'n kolskoot
FOTO: Verskaf

Schlebusch (o.16-Tralie) het in die finaal 'n 2e- plek, met 'n totale telling van 857 punte, behaal. Lombaard sê dat die finaal baie meer spanningsvol was omdat dit die laaste prysskietkompetisie was voor die Vrystaat se skietspan bekendgemaak sou word.

Alhoewel hy nie die podium tydens die finaal gehaal het, meen hy hy het die afgelope 7 maande baie hard vir die proewe geoefen en dat dit definitief die moeite werd was.

"Die skuts het hierdie jaar se skietseisoen voorwaar geniet, ongeag al die struikelblokke wat die jaar ingehou het. Hulle het baie hard geoefen om hierdie uitstekende prestasies te kon behaal," sê mnr. Nico Jansen van Rensburg (aktiwiteitshoof).

Brokkies

OOR BESIGE BYE

Krieket afrigters domineer gholfdag

CELIA SNELLENBURG

Die Hoërskool Sentraal se jaarlikse gholfdag was 'n groot sukses. Op 13 Augustus was Sentraal gereed om hulle jaarlikse gholfdag aan te bied.

'n Totaal van 144 spelers het aan dié dag deelgeneem. Die gholfdag het by Schoemanspark plaasgevind waar die Sentraal-bemarkingsdames (me. Lanie Steenkamp en Cora-Lee van Tonder) reggestaan het om alle spelers vriendelik te verwelkom.

Gedurende die loop van die dag is 'n verskeidenheid pryse toegeken aan unieke prestasies. Mnr. Bernalt Röll (krieket aktiwiteitshoof) wen die prys vir naaste aan die putjie. Hy wen silwerware en breekware. "Dit was lekker om 'n bietjie sosiaal saam met my kollegas op die gholfbaan te kon verkeer," sê mnr. Röll. HJ Malan (eerstespan krieket afrigter) wen die verste dryf op die 18e-gaatjie. Hy stap baie tevrede met 'n vleisbak huis toe.

Tralie Varia Sport
SEPTEMBER 2021
www.sentraal.co.za · 051 410 1800 · tralievaria.tk

Spelers om mee rekening te hou

Sentraal se netbaldogters domineer insluiting in die Vrystaatspanne

MARIUS VAN DER MERWE

Die Hoërskool Sentraal se netbal het oudergewoonte heelwat provinsiale spelers tydens vanjaar se Vrystaatproewe opgelewer.

Die Vrystaatproewe het uit twee rondtes bestaan. Tydens die eerste rondte het Sentraal al 'n duidelike stempel afgedruk en is daar goeie uitslae van die Tralies in die laaste rondte verwag.

Op Saterdag 21 Augustus het die Hoërskool Sentraal meisies van oor die hele provinsie vir die Vrystaat netbalproewe verwelkom.

Elf Tralies is in hul onderskeie ouderdomsgroepe in die Cheetah-spanne ingesluit. Hiervan verteenwoordig ook vyf graad 8-Tralies die Vrystaat. Sentraal is opgewonde om te sien dat dié talent nie by die nuwelinge ontbreek nie.

Nicola van der Wath, Jenneken van der Walt, Kaylin Booysen, Elbé van der Merwe en Lucresha Nakedi is in die o.14-span opgeneem. Danita du Plessis, Alexa Swart en Wilmie Rust draf uit vir die o.16's. Lebo Moremme verteenwoordig die o.17's en Sané Groenewald en Nieke van Tonder die o.18's.

Ses senior Tralies is reeds verlede kwartaal in die o.19-Mangaung Metrospan ingesluit. Miandi Steenkamp, Zionné Grobler, Mekayla Koetjie en Onnalenna Motlhale verteenwoordig gr. 11 en Michela Steenkamp en Tlotlang Mokomela gr. 12.

Die verskeie spanne sal in Oktober aan die provinsiale toernooie deelneem. Sentraal is trots op hul netbaldogters se merkwaardige prestasies.



Tlotlang Mokomela (Klokkies) is vasbeslote om die bal te wen. FOTO: Verskaf

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.



UITLEG: Vivid Dzines 082 576 3143